



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 267

21 September 2009

TOULEIER

Spek-en-eiers — Duskantland, hier kom ons!



Die verlore seun keer terug na Gomorra. So saam met die sekelmaan se taan is Ramadaan klaar en gedaan. Ná 'n volle jaar lank in die kringe van die spotters hier in Sodom, kom ek en Kamermaatjie vir 'n paar weke huis toe!

Kan nie meer wag nie. Of is ek so dom om te dink daar is nog gemeste kallers om te slag in die Groot Karoo?

Op die vooraand van ons uitgebreide toer deur ons tuisland wonder mens altyd wat het verander daar in Duskantland.

Ons het nogal verander. Drink mos nie meer nie. Ook nie minder nie. Bestuur egter glad nie meer ná selfs net een dop nie. En mense, dis glad nie so moeilik nie. Ek is egter reg vir 'n wynoor-tapping op Skelmbosch, en 'n vissie in Houtbaai. En vark in elke vorm, net waar ek hom kan kry.



Darem een keer hier ook vark geëet. Eendag mos 'n varkboudjie uitgesmokkel hier uit die Amerikaanse Lugmagbasis.

Die lekker van hom was dat die lus vir verbode vrugte mos 'n ding baie lekkerder laat smaak as wat hy eintlik is. Intussen het ons al vergeet hoe smaak spek by die eiers. Moenie 'n fout maak nie, daar gaan elke oggend gespek-en-eiers word in Duskantland. En so nou en dan 'n varkrib gaan kielie en deurwerk by die Spur.

Hulle het mos 'n ding hier wat hulle kalkoenspek roep. Sus en Daan slaan hulle handjies saam daar in destyds se sub-A klas as hulle moet hoor hoe arme Koeloe met 'n vark vergelyk word.

Dan is daar ook nog 'n biefspek ook. Nou vra ek julle met trane in my nywieblou ogies, watter doel dien dit tog om 'n ding na te maak wat jy nie eintlik op die spyskaart of in die land wil sien nie?

Hoekom dit nou juis spek noem? Spek is mos net spek as dit op of in 'n vark is. Dissie vet nie, anders was mens mos vet-vet, nie spekvet nie!

As die lakendraers of die Jode dan nie van ons spleetpootspekvoedsel hou nie, los hom liever heeltemal uit. Om lekker sout in die wonde te vryf, kry die klomp hier mos ook varkgriep. Moet erg wees vir die arme varksku goedjies. Nie eens oinkment sal help nie.

Weense worsies wil ook maar net nie reg smaak sonder 'n bietjie vark nie. Maar ek bly eet hulle hier sodat die bek kan bly vrek vir daai tuiskomstige se instap by die slaghuis daar by Kraalkop. Gelukkig kan ek darem die smaak so effe verdoes en gooi maar goed toe onder die tamatiesous en Mev. Balle se blatjang, wat 'n mens gelukkig nou oral hier kry.

Dit gaan ook nie biltong wees wat ek koop nie, daarvan kry ons genoeg hier by Daleen en Wessel. O nee, gee my 'n kilo rooiworsies asseblief, en moenie laat ek uitvind julle het gespaar op die vark-inhoud nie.

En ek weet daar wag 'n pak of twee van daai Eskort se goue medalje varkworsies in Ma-goed se yskas in Richmond.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

BREINBOELIE

Die September/Oktober breinboelie behoort binne sekondes opgelos te word deur veral Soduko-kenners. Gaan na www.onsdorp.com en klik op die Breinboelie-blad as jy jou antwoord wil toets. Daar is weer 'n geskenkbewys vir die gelukkige wenner.

30	10	20	40
40	80	110	170
20	140	330	610
10	170	640	?



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ 'n Beter verskoning

NOU wat het die mense teen Volkswagen Polo's? Met dié dat elke soustreinryer - of hy nou kommunist of ANC is - oor mekaar val om karre van meer as 'n miljoen rand te koop, wil 'n klomp mense weet wat skort dan met 'n Polo.

Die rede vir die duur karre is glo omdat hulle by die ministers se veiligheidsprofiel pas, so asof 'n mens veiliger is met 'n sondek, 'n haai-afai en 'n CD-speler.

► 'n Veel beter en geldiger verskoning sal bloot wees dat die spul oorvreete soustrog kamerade wat die volkiesraad vol sit eenvoudig net nie in enige gewone kar sal inpas nie.

❖ Bankrot regter

AI, die lekker lewe darem! Regter Motata - hy van dronkbestuur faam - het amper twee jaar lank met vol salaris by die huis gesit en dubbels gedrink, maar nou het hy kamma nie geld om sy ou boetetjie van R20 000 te betaal nie.

Dis nou terwyl hy elke maand 'n yslike R57 000 as salaris ontvang het.

► **Met die dat hy nou bankrotskap opgee, is sy drankprobleem dalk groter as wat ons dink.**

❖ Skiet hulle!

'N OU vrind van Roelfie het eendag gesê hy het nie 'n probleem met haai-aanvalle nie, want die see is die haai se tuiste.

"Maar," het hy bygevoeg, "as ek 'n haai in my huis kry, skiet ek hom vrek."

Nou sien Roelfie daar word weer allerhande geluide gemaak oor die polisie se reg om uit selfverdediging te skiet, en net in die laaste week het 'n paar rowers dan ook hul gate sonder enige seremonie gesien.

Eintlik moet die hele wet hersien word, sodat enigeen - insluitende die polisie - wat 'n rower in sy huis betrap, hom daar en dan die ewigheid kan instuur. Dis mos net so maklik om 'n haai as 'n rower uit te ken: Hy bring nie vir jou blomme nie, en hy is gewapen en dikwels nog vermom ook.

Hierdie storie van arresteer en in die tronk sit en in 'n hof aankla en "onskuldig totdat hy skuldig bevind is" kos die eerlike mense 'n klomp geld en is sommer tjol. As die man op heterdaad betrap is, is hy skuldig - skiet hom, of bêre hom in 'n tronk en gooi die sleutel weg. Geen hofsake en appêlle nie. Uit en gedaan.

Dis nogal verblydend dat dit presies is hoe die nuwe polisie-minister en die nuwe polisie-kommissaris dink.

► **En laat die klomp menseregte aktiviste nou maar vloermoere gooi en huil en snot afvee tot die koeie huis toe kom. Genoeg is lankal te veel.**

❖ Koninklike wenk

MODDER EILAND en sy belaglike Health and Safety wette verskaf lankal die wêreld oor pret en plesier. Nou is Kwien Liesbet glad in die gedrang.

Tradisie bepaal dat jy nie jou rug op Haar Majesteit draai nie; dat jy haar groet en dan agteruit uit die vertrek stap. Nou het die vrees ontstaan dat so iemand dalk kan struikel en seerkry en - die hemel behoede! - 'n siviele saak kan maak.

Die eeue oue tradisie is dus nou ook daarmee heen in 'n land waar die wetmakers lankal al hul albasters verloor het.

► **Dis die moeite werd om dit te onthou wanneer jy volgende keer vir tee na die paleis genooi word.**

❖ Roelfie vra raad

Ses maande voordat die pôpô die fên gestraik het, het 'n internasionale kenner vir Eskom se grootbaas gewaarsku daar kom probleme.

Hy het nie daarvan gehou nie, en twee dae later is Susan Olsen in die pad gestee. Die res, soos hulle sê, is geskiedenis. En Jacob Maroga kry nou 'n verhoging van 30%, wat R5 miljoen per jaar beteken.

► **As enigiemand dit verstaan, kan hulle gerus vir Roelfie inlig.**



Allegaatjie



TOERISTE SE VRAE OOR SUID-AFRIKA

Met die naderkoms van die Wêreldbeker-sokkertoernooi daag daar allerhande vrae van voornemende toeriste by agentskappe op. Vrae soos:

- V:** Ek sien nooit op TV hoe dit by julle reën nie. Hoe groei julle plante? (VK).
A: Ons voer al ons plante volgroei in en sit dan en kyk hoe hulle vrek.
- V:** Sal olifante in die strate kan sien? (Swede).
A: Hang af van hoeveel jy drink.
- V:** Watter rigting is Noord in Suid-Afrika? (VSA).
A: Kyk Suid en draai dan 180 grade. Kontak ons as jy hier is vir nog aanwysings.
- V:** Sal ek op die meeste plekke in julle land Engels kan praat? (VSA).
A: Ja, maar jy sal eers moet leer hoe om Engels te praat.
- V:** Kan julle vir my sê is daar minder vrouens as mans? (Frankryk).
A: Ja. In enige gay-nagklub.
- V:** Mag ek my eie eetgerei saambring? (Duitsland).
A: Hoekom eet jy nie sommer met jou hande soos ons nie?
- V:** Kan julle vir my 'n lys stuur van plekke waar daar OTM'e is? (Oostenryk).
A: Waaraan het jou laaste slaaf gesterf?

Uit die stuurkajuit

Ware luggesprekke

Toring: "Delta 351, jy het verkeer op tienuur, ses myl!"

Delta 351: "Gee ons nog 'n wenk. Ons het digitale horlosies!"

Toring: "Delta 351, vir geraasvermindering, draai 45 grade regs!"

Delta 351: "Toring, ons vlieg op 10 000 meter. Hoeveel geraas kan ons hierbo maak?"

Toring: "Het jy al gehoor hoeveel geraas 'n 747 maak as hy 'n 727 tref?"

Van 'n onbekende vliegtuig wat lank in die opstyg-tou staan:

"Ek is f---n verveeld!"

Grondbeheer: "Sal daardie vliegtuig hom onmiddellik identifiseer!"

Vliegtuig: "Ek het gesê ek is f---n verveeld, nie f---n onnosel nie!"

Toring aan 'n 747: "United 347, jou verkeer is 'n Fokker, eenuur, drie myl oos."

United 347: "Lugbeheer, ek wou dit nog altyd sê: Ek sien die klein Fokker."



SLIM DOKTER GEE RAAD

V: Wat is die voordele van gereelde oefening?

A: Jammer, ek kan nie aan een dink nie. My filosofie is: Geen pyn is goed.

V: Is gebraaide kos nie sleg vir my nie?

A: Luister nou mooi: Kos word deesdae in groentolie gebraai. Hoe kan méér groente sleg vir jou wees?



**Los my uit!
 Jy kan mos sien ek slaap nou!**

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

Lily het haar oorlogsmedalje verdien

So twintig jaar ná die afloop van die Anglo-Boereoorlog is daar besluit om aan al die Boere wat tot die einde van die oorlog getrou gebly het, 'n medalje toe te ken. Die medalje sou bekend staan as die Anglo-Boereoorlog medalje en ongeveer 13 800 is uiteindelik toegeken.

Meer Boere was geregtig op die medalje, maar veral uit die Vrystaat was daar van generaal C.R. de Wet se volgelinge, insluitende hyself, wat geweier het om aansoek te doen.

Die mense het geargumenteer dat hulle getrou tot die einde om hul vryheid geveg het en dat hulle nie bereid was om by die Brits-ondersteunende regering van generaal Jan Smuts aansoek vir 'n medalje te gaan doen nie.

Maar dit nou daar gelaat. Onder die 13 800 medaljes wat wel toegeken is, was daar net 19 wat deur vroue ontvang is.

Van die 19 vroue wat die medalje gekry het, was net een 'n plaaslike vrou -- die ander was almal oorsese vrywilligers wat as verpleegsters by ambulanses te velde diens gedoen het.

Dit is die storie van hierdie Boeremeisie wat ek wil vertel. Haar naam was Lily Rautenbach. Sy het as verpleegster gewerk in wat gedien het as die hoofkwartier van die Rooi Kruis in die Vrystaat onder generaal De Wet. Die hospitaal was in die plaasopstal van Zaag de Jager se plaas Bezuidenhoutsdrif langs die grondpad tussen Reitz en Vrede.

Die "dokter" in bevel van die hospitaal was 'n karakter met die naam Hessel Jacob Poutsma. Hy is persoonlik deur generaal De Wet in die pos aangestel. Die enigste probleem was net dat hy geen dokter was nie.

Sy eie storie het gewissel van oorlogskorrespondent tot Boerespioen tot dokter. Voordat hy na Suid-Afrika gekom het, is hy in Nederland tot 18 maande tronkstraf gevonniss.

Op 9 Januarie 1902 het 'n Kanadese regiment onder kaptein A.O. Vaughan die hospitaal bestorm. Poutsma het later beweer dat die hospitaal vier Rooi Kruis-vlae van elke hoek gewapper het.

In die kruisvuur wat losgebars het, is Lily Rautenbach gewond. Poutsma het by generaal De Wet gaan kla oor die Kanadese wat op sy "hospitaal" geskiet het. President M T Steyn het die "oorlogsmisdaad" by Lord Kitchener aangemeld, maar die Britse aanvoerder het geantwoord dat Poutsma geen dokter was nie en dat die "hospitaal" skuiling aan Boeresoldate verleen het.

As gevolg van die voorval het Lily Rautenbach die res van haar lewe met 'n half verlamde regterarm geloop. Dit het haar egter nie verhoed om ná haar huwelik met Louis Boshoff tien kinders groot te maak nie.

Wat ook al die waarheid is oor wat by Bezuidenhoutsdrif gebeur het, niemand kan Lily Rautenbach haar medalje ooit misken nie.

NOTA: Die medalje het die ZAR-wapen aan die een kant en die Vrystaat-wapen op sy keersy gehad. Die ontvanger kon dus besluit watter kant hy vertoon.



Nuwe borg vir die All Blacks

Die All Black rugbyspan het 'n nuwe borg nadat Morné en Francois Steyn hulle in die toets so erg verniel het.





Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com



DANS EN SONDE

Jong man aan Dopper-dominee:

"Dominee, is dans sonde?"

Dominee: "Ja, broer, dis 'n groot sonde in die Dopper-gemeenskap. Jy mag dit doen, maar jy mag dit net nie geniet nie."

Jong man: "Dominee, is seks sonde?"

Dominee: "Binne die huwelik glad nie broer, maar daar is net een voorwaarde."

Jong man: "Ja, Dominee, wat's die voorwaarde?"

Dominee: "Jy mag dit nie staan en doen nie, want dan lyk te veel soos dans!"

HONDE IS WELKOM

'n Man skryf aan 'n hotel in Amerika se Midde-Weste, waar hy wil gaan vakansie hou:

"Ek sal daarvan hou as ek my hond mag saambring. Hy is skoon en gedra hom baie goed. Sal u toelaat dat hy die kamer met my deel?"

Die hoteleienaar antwoord dadelik terug:

"Meneer

"Ek besit hierdie hotel al baie jare. In al die tyd het ek nie 'n hond gehad wat my handdoeke, beddegoed, eetgerei of prente teen die mure steel nie.

"Dit was nooit vir my nodig om 'n hond in die middel van die nag weens wangedrag of dronkenskap uit te gooi nie. Dit het ook nooit gebeur dat 'n hond verdwyn sonder dat hy betaal het nie.

"Jou hond is beslis baie welkom in my hotel."

VERSEKERING

Die tienerklong het heldergroen spykerhare, drie ringe deur sy neus en 'n haakspeld deur sy onderlip.

"Eintlik," sê hy vir sy vriend, "haat ek dit om só te lyk, maar dit verhoed dat my ouers my oral met hulle saamsleep."

DIEFWERING

Koos vat sy gesin Kaap toe vir 'n vakansie. Jannie speel op die strand en maak maatjies met 'n bruin seuntjie.

Ná 'n rukkie vra Jannie: "Jy's seker 'n *local*, want ek sien jou voortande is weg."

Die maatjie sien Jannie se tandraadgies.

"En dji's sieker van Gauteng?"

"Hoe't jy geweet?" vra Jannie.

"Want ek sien dji het *burglar bars* op djou tanne!"

AANHALINGS

"Hy het Van Gogh se oor vir musiek."

-- *Billy Wilder*.

"Hoekom sit jy daar soos 'n adreslose koevert?" -- *Mark Twain*.

SLEGTE RUIL

Die egpaar sit rustig voor die kaggel toe die vrou skielik van die lag uitbars.

"Hier's 'n advertensie in die snuffelgids," sê sy, "van 'n man wat sy vrou vir 'n seisoenkaartjie op Nuweland wil ruil. Sal jy so 'n simpel ding doen?"

"Goeie hemel, nee!" antwoord hy.

"Ek het nie gedink jy sal nie," sê sy tevrede.

"Die man is 'n idioot," sê hy. "Die rugbyseisoen is dan al amper verby!"

GHOLFREDE

Daar is glo 'n goeie rede waarom sommige gholfspelers

'n gholfkarretjie bo 'n joggie verkies.

Die karretjies kan nie lag nie.

PEANUTS deur Schulz



Hoekom jaag hulle karre?



Dis mos vanselfsprekend



Ons probeer lees wat op die wieldoppe staan



Ons vriendjies met vlerkies

Deur REINDERD VISSER



Die Visarend

Visarende gebruik dieselfde nes oor en oor

Vlieg jy met 'n Boeing van George af oor die Klein-Karoo Johannesburg toe, is die kontras tussen die groen grasvelde aan die kus met die droë veld binneland-kant van die Outeniekwas duidelik sigbaar. Dis droog en bruin met net 'n bietjie groen hier en daar, behalwe vir 'n breë groen strook van oos na wes - die landerye al langs die Olifantsrivier, die hoofaar deur Kannaland. En dis ook hierdie rivier wat meehelp dat een van die mooiste voëls in ons land hier by ons bly.

Die Visarend (*African Fish-Eagle*) is vir my dié voël wat Afrika vergestalt. Daar is seker geen bekender geluid as sy roep in Afrika nie, trouens, ek kry hoendervleis elke keer wanneer ek dit hoor!

Wat 'n voorreg dat boere in ons omgewing ook sy geluid in die oggend of laatmiddag kan hoor. Ek weet van 'n hele paar broeipare in ons kontrei. Dit sal interessant wees om te weet min of meer hoeveel pare daar wel in die Klein-Karoo is.

As jy die moeite wil doen om met 'n verkyker na die visarende in jou omgewing te kyk, kyk somer of jy 'n plastiese vlaggie aan een vlerk sien. Kuikens is gemerk as deel van 'n navorsingsprojek.

Dit is darem nie net sy roep - wanneer hy sy kop ver agteroorgooi en sy gebied luidkeels afbaken - wat indrukwekkend is nie. Sy manier van jag is net so indrukwekkend.

Nie-voëlkykers sien gewoonlik min van roofvoëls se jagmetodes, maar ek is seker almal van ons het al een of ander tyd op televisie gesien hoe 'n visarend swierig oor die water swiep, sy pote in die water steek, sy prooi vang en trots daarmee wegvlieg.

Navorsing wys dat 'n visarend visse tot 3 kilogram so uit die water kan lig! Vang hy enigiets swaarder, val hy in die water, bly klou aan die vis en "swem" dan land toe deur sy vlerke soos spane te gebruik.

'n Bietjie nattigheid sal hom nie van sy kos ontnem nie! Besoedelde riviere of damme is natuurlik 'n bedreiging vir visarende, want siek water veroorsaak siek visse, wat die voël uiteindelik kan benadeel of selfs doodmaak.

Visarende gebruik dieselfde nes, of 'n paar neste in een omgewing, oor en oor (een paar het 'n nes 21 keer gebruik om te broei!). Hul kuikens ly, soos meeste roofvoëls, ook aan die Kain en Abel sindroom - die grootste kuiken probeer die swakker een doodmaak. Vreemd, maar deel van hul manier van doen en oorleef.



Vinnige vordering

'n Jong plaasseun besluit om by die SA Polisie diens aan te sluit, en die werwingsoffisier besluit om sy kennis van die land se geskiedenis te toets.

"Wie het dr. Verwoerd vermoor, en waar?" vra hy.

"Ek is nie seker nie," antwoord die jong man.

"Wel," sê die offisier, "ek stel voor jy gaan huis toe en vind uit. Kom terug as jy die antwoord gekry het.

Die kêrel is toe peinsend huis toe, waar sy ma wil weet hoe dit met die onderhoud verloop het.

"Ma sal dit nie glo nie," sê hy trots. "Op my heel eerste dag by die werk gee hulle vir my 'n moordsaak om op te los!"

Die enigste misterie omtrent die kat is wanneer hy besluit het om 'n huisdier te word. - Sir Compton MacKenzie



Duskantlanders in Anderkantland

Welkom in ons vistenk

NICOLETTE STEEL skryf van 'n stukkie van die lewe in Saoedi-Arabië

Tans ervaar ons lewe in 'n vistenk. Dit is min of meer die beste beskrywing waarmee ek kan opkom vir lewe in 'n *compound*.

Ons bly in villas, omring deur agt voet hoë betonmure om ons, met twee sekerheidshekke wat seker maak dat ongewenste gaste onwelkom voel.

Sekerheidswagte bestaan uit 'n weermagman met 'n langloop-skietding en 'n harde hoed wat gekamoefleer is en 'n ander man in wit klere wat met 'n spieël na die onderstel van voertuie kyk wanneer ons die "vistenk" wil binnery.

En nie enige ou ry hier in nie. Net as jy hier woon of as daar 'n papier is wat 'n inwoner ingevul het om 'n gas hier toe te laat. Amper soos toestemming vra, maar jy vra nie, jy sê net iemand kom.

So nooi ons pelle van 'n kUSDORPIE, ongeveer 400 km van ons af, om 'n naweek te kom kuier. Die naweek is met groot opgewondenheid en afwagting beplan. Die belangrike papier van vriendelik toestemming is 'n dag voor die groot naweek ingevul, met alle nodige en belangrik geagte inligting, om sodoende seker te maak wanneer die gaste arriveer, almal wat gekamoefleer en bewapen is, oor die besoekers ingelig is.

So is dit ook, gaste arriveer en manlief spring in sy groot wit Jeep Commander om die geselskap te gaan oplaai, siende dat hul voertuig nie in ons vistenk mag inry nie en omdat dit erg koud en al laataand is. Die gaste bestaan uit vyf.

Die volgende dag is ons almal terug in die groot wit wa en gaan *shop* totdat van die manne begin kla dat die beursies begin seerkry.

By die vistenk se dinamiese sekerheidshek nommer een word ons deurgelaat en by die volgende hek word ons gestop en die besoekersvorm word vir manlief uitgehou en gevra: "Is this people on the paper, the guests in your car?"

Nou ja, dit was vir ons 'n interessante vraag en met selfvertroue beaam manlief die mense op die papier is die mense in die kar.

Dieselfde aand gaan die hele lot van ons na 'n ander vistenk. Met die terugkomslag, laataand en opgekuier, word ons by hek nommer een gestop en die sekerheidsman (gelukkig die een sonder'n wapen), steek sy neus deur die ruit en vra:

"Are these your guests?" Manlief antwoord: "Yes, the whole weekend they are my guests, waarop die man toe sê: "Oh, they still not leaving?"

Verontwaardig gaap ons die man aan en manlief begin om te ry, want hiervoor het hy nie lus nie. By hek nommer twee stap 'n wag nader wie se hare met henna gekleur is en die haredos skitter in die maanlig 'n verskeidenheid van rooi, geel, oranje skakering.

Net daar kry die man sy naam: Henna Montenna. Hy steek sy neus deur die ruit en vra vir nou al 'n baie geïrriteerde manlief:

"This your guests?" Natuurlik is pa toe nou al minder spontaan en hy sê:

"Yes and I did fill in a guest form."

Henna Montenna hou sy vinger op en sê: "I am checking you," of so iets, want uit furstrasie het manlief gery terwyl Henna nog praat.

Moenie te welkom voel hier in ons tenk nie want Henna Montenna en kie kan dalk vra: "Still not leaving?"

• Hierdie bydrae het oorspronklik in *Beeld* verskyn.

Liewe Jesus

**Ons het geleer dat Thomas Edison lig gemaak het,
maar in die Sondagskool leer ons U het. Ek wed
hy't U idee gesteel.**

Donna



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Vinnige bobotie en geelrys

(Bedien saam met 'n lekker tamatie en uie sambal of 'n piesangslai.)

Kook jou rys soos altyd, maar voeg by 1 groot t. borrie en 1 groot handvol korente of sultanas of pitlose rosyne.

Braai 1 kg maalvleis liggies tot gaar.

Braai gekapte uie tot sag deurskynende goudbruin.

Meng vleis en uie. Voeg by :

½ k. asyn

1t. borrie

1t. kerrie

1t. sout

2 e. appelkooskonfyt

2 e. blatjang

1 blikkie hoendersop of sampioensop of bruin uiesop

¼ k. rosyne of sultanas

Week 3 snye brood in melk tot sag, en voeg by.

Roer alles goed deur. Skep in oondpan.

Klits 2 eiers en 1 k. melk. Gooi dit bo-oor die vleismengsel.

Garneer met lourierblare.

Bak tot goudbruin.



Wenke met eiers

*As eiers skaars is, gooi 1 e. asyn in koekmengsel vir elke eier wat weggelaat word.

*As jy vir 'n klomp mense moet eiers bak, gebruik 'n kolwyntjie pan, breek eiers daarin en bak!

*As gebarste eiers gekook word, voeg 1 e. asyn by die water om te voorkom dat die wit van die eier uitkook of dat die heel eier bars.

Wenke met uie

'n Ui wat uit die yskas kom sal nie jou oë laat traan as jy hom sny of rasper nie.

Drie Nonne by die Rugby



Die drie mans het reg agter drie nonne gesit, en omdat hul kopdeksels hul visie deels versper het, het hulle begin om die nonne te treiter in die hoop dat hulle sal skuif.

Eerste man in 'n luide stem: "Ek dink ek gaan Sydney toe trek, daar is net 100 nonne daar."

Tweede man: "Ek dink Tasmanië is 'n beter roep. Daar is net 50 nonne."

Derde man: "Nee, Nieu-Seeland. Daar is net 25 nonne."

Toe draai een van die nonne om en sê in 'n baie soet stemmetjie: "Hoekom gaan julle nie hel toe nie - daar is glad nie nonne nie!"

Liewe Jesus

Miskien sou Kain en Abel mekaar nie doodgemaak het as hulle elkeen hul eie kamer kon hê nie.
Dit werk vir my en my broer. Liefde, Donna.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

ALERS, ALLERS, AHLERS

wilhelmina.prinsloo@dcs.co.za

Addisioneel: Phillippus Rudolph

BASSON

annemie@malmesbury.co.za

Alle Swartland en Sandveld Basson's kan gerus vir my kontak. Ek het 'n register van die families.

BESTBIER

annemie@malmesbury.co.za

Ek het 'n volledige stamregister van die Bestbier Familie.

Kontak my gerus vir meer inligting.

ELS

hozani@telkomsa.net

Ek Is Johannes Marthinus Els Gebore 16.04.1965 Newcastle, Natal.

FOURIE

martin@mfourie.com

Ek het ons familie van Louis uit die Dauphine-streek in Frankryk tot hede. Sukkel nog met die aansluiting in die Noord-Kaap van die Jopie Fourie want dis deel van ons lyn van name. Sal my bronne deel.

HEYMAN

paul.kimtrac@mweb.co.za

Ek is 'n nuwe navorser. Op soek na inligting van die Heyman/Hyman-familie met die stamname Hendrik Johannes. Ons kinders is geregistreer as Heyman terwyl my vader en ons oupa as Hyman(geboortesertifikaat) aangegee word. My vader is op 10 April 1908 op 'n plaas in die distrik Kenhardt gebore as Hendrik Johannes Hyman. Sal later nog inligting verskaf.

JEPPE

wilhelmina.prinsloo@dcs.co.za

Herman Otto Carl Frederich Jeppe (dokter/apteker). Dogters Rosa Ellen, Kate, Frieda en Ellen Ottillie Jeppe, broer van JuliUs Jeppe skool vernoem na Juluis Jeppe High School, Johannesburg. Fotos en/of inligting.

JOUBERT

nicholeens@yahoo.com

Ek is op soek na inligting van Johanne Gustavis van Zweel gebore 23.07.1906. Sy is getroud met Gideon Johannes Joubert gebore 23.06.1902. Ek het inligting dat daar twee dogters uit die huwelik gebore is. Nie seker nie.

LOUW

annemie@malmesbury.co.za

Alle Swartland en Sandveld Louws kan my gerus kontak ek werk aan die takke van die Louws.



Hoekom trourokke altyd wit is

Dis 'n baie dapper man wat hierdie storie geskryf het. En die man wat hardop lag, is nog dapperder!

Die seuntjie vra sy ma: "Mamma, hoekom is trourokke altyd wit?"

"Seun, dit is sodat al jou vriende en familie weet jou bruid is rein."

Hy bedank sy ma, en stap na sy pa toe.

"Pappa, hoekom is trourokke altyd wit?"

Die pa kyk die knaap met verstomde verbasing aan.

"Maar seun, alle kombuistoestelle is mos altyd wit!"

AGTEROS

Trouringe en donshael

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

"Daai twee kinners was so senuagtig, lat toe die magistraat virrie bruidegom loop staane vra, 'Wat's hierop jou antwoord?', toe loop sê hulle soos een mens, 'Skullig, Edlagbare!'"

Vroumense, weet oompie Doors te filosofeer, is mos van ribbebeen en skinner aanmekaar gesit, terwyl ons manne met 'n begaafdheid geseënd is om die kaf vannie kooi te kan skei en 'n storie so te omsoom lat die waarheid nie 'n kans het om tussenie nate uit te glippie! Dis mossie rede hoekomie rokvolk oor ongehude moeders in hulle tee loop sit en kwyl, wylie manne die gebeurtenis kalm uitmekaar kan loop staane maak.

So sit die spannetjie kafskeiers omme vuurtjie. Wag vir kooltemperatuur om boerbokribbetjie status te bereik. So by so darem ookie met droë of stofnat kele nie moet ek bysê. Volgens Oompie, natuurlik.

Die slag kom vallie leier ouderling, oorle Vroom Koos Fourie, mos so half ongenoid daar uit. Ernstig en vroom wassie vent. Eintlik beplood van vroomgeid het Oompie hom oppe dag loop staan en beskrywe. "So van de ernstige plooië" weet Oompie te vertel, "lattie ou glo Sondaemôres sy hoed moet loop staan en opskroef op sy kop op!"

Nalat ou Vroom, glo gewillig protesterend, 'n paar skeute harrehout met hulle loop staane deel het, loerie ou so 'n paar maal rond om seker te maak lattie getuies van sy begaafdheid nie té oormatig in getal én boonop nog geregistreerde pastorie drumpeltrappers issie.

"Doorsie," start die ou sy kafskeier op. "Doorsie, het jy gehoor vannie ou meisietjie wat by die magistraatskantoor werk? Het die stomme kind mos oor daai jong tronkbewaardertjie, Venter, se tou loop staane trap en struikel. Julle weet mos, Boorman Venter se klong. Ookie rede vir verdwasing nie. Pa loop neuk mos in al watte gat in die distrik is met sy boorgreedskepe rond.

"Het eers lank probeer ommie struikeling onner wye klere te loop staan wegsteek, maar toerie rokwinkel se materiaal beginne kortskiet, het sy glo byrie magistraat loop stane bieg!"

"Kind se pa was oorboos oor die nuus. Eers moesie mense spook ommie ou se haelgeweer afgevat te kry en toe moesie mense die ou skoon loop staane vashou. Dreigie ou glo om met mag en geweld daai klein stront se boortou met sy Joseph Rodgers stomp by die katrolle te loop staane afsny!

"Magistraat reël sommer opslag 'n seremonietjie daar by hom innie kantoor. Nou moet julle darem ook mooi loop staan en verstaan, daai magistraat is erg Ingils. Glo so erg Ingils lat ou koningin Victoria opslag geweier het lat sy oupagrootjie vir die Ingilse innie Boere oorlog mog loop staan en baklei. Glo té Ingils na haar sin.

"Ek verstaanie toehoorders was ook amper minner assie vingers van een hand. Seker maar van pure benoutgeit lat hulle so kort van getal was. Bang lattie magistraat dalk van een van hulle 'n Ingilse word of twee sou verwag.

"Vertellie mense my lat daai twee kinners was so senuagtig, lat toe die magistraat virrie bruidegom loop staane vra, 'Wat's hierop jou antwoord?', toe loop sê hulle soos een mens, 'Skullig, Edlagbare!'"

"En dis lattie magistraat loop staane vastrap ennie Ingelse formulier loop staane oortaal mette 'By die poeiers wat in my geïnvesteer is, deklareer ek julle man en vrou', lat daai kind se water van puur verligting oppie plek loop staane breek!

"Manne, toe loop oorval 'n moerse paniek daai spulletjie trougangers, want onner hulle wassie een inkelte een met wafferse *plumbers* onnervinning nie! Is daai spannetjie so deurmekaar soose appelkoosmaag.

"Vertellie mense, lattie magistraat ennie hofsersant daai kind opslag innie landsvlag loop staane toerol en agterin die magistraat se Vauxholletjie loop staane sleepdra het. Stofstreep na Ou Dokter se kamers toe. Gom vannie bruid per voet agterna.

"Byrie kruising voorie Madeira kêfie loop staane jagie magistraat, mettie jong barende moeder al wenende oppie agterste sitplek, dwarsoorie stopstraat. Binne innie munisipaal se nagwaentjie in. Hotagter perd ennie emmerdraer amper desmoers. Latie slag vir klein tref-en-trap Ventertjie sommer uitglip om skrou-skrou self te loop stane kyk wattie probleem nou eintlik is.

"Kom die nuwe pa eers daar aan gemiltsteek toerie stof al laankal loop staan en lê het.

"Kom hollie kêfiebaas se vrou oorie pad. Gryp miesies Manuel vir Junior sommer so mettie meelbeslagte-en-visolie hanne en draai hom inne vadoek toe. Krydie magistraat ennie sersant sommer oppie koop toe man-man 'n moerse skeut Portugese wyn virrie skok ook."

Mymer ou Vroom, "Manne, wys jou net, hou jou ding uit gate uit, dan bly jou gat uit dinge uit!"

Daar verskyn weer 'n
KAMMANUUS
op 5 Oktober 2009